BYBELSTUDIE HEBREËRS 11:8-22.

A. OPSOMMING.

VERS 8-22 kan soos volg opgesom word:

8-12: Twee voorbeelde van Abraham se geloof word hier behandel. In die eerste plek Abraham wat na 'n totaal vreemde land moes trek. In die tweede plek 'n kind wat vir hom belowe word ten spyte van sy hoë ouderdom.

13-16: Die aartsvaders het gesterf sonder dat God se belofte van 'n vaderland vir hulle waar geword het. Tog het hulle in die geloof volhard en met hierdie oortuiging volhard. God se belofte aan hulle moes dus verder strek as net 'n aardse vaderland. Inteendeel! God berei ook vir hulle 'n hemelse stad voor.

17-19: Twee gevalle van geloof word hier bespreek. In die eerste plek ontvang Abraham die opdrag om sy seun te gaan offer en in die tweede plek is daar Isak, Jakob eb Josef se geloof in die belofte van God.

Teen hierdie agtergrond kan ons nader na die onderskeie verse kyk.

In vers 8-22 is daar altesaam vier verse wat spesifiek van Abraham se geloof praat [8,9,11,17]. Abraham was 'n geloofsreus. Te midde van alle teëspoed, het hy aan God vasgehou soos min ander. Natuurlik het hy ook sy dae van twyfel en kleingeloof geken.

- Dink maar aan Genesis 12:10-20 waar hy oor sy vrou gelieg het.
- Dan is daar al die planne wat hy en Sara uitgedink het om die Here tog met die kinderbelofte by te staan [Gen.15:3; 16:1-2; 17:18].
- Daarmee saam het hulle twee om die beurt gelag toe die Here die geboorte van Isak bevestig het [Gen.17:17; 18:12-15].

Wat Abraham se geloof so besonders maak, is dat hy ten spyte van terugslae, vas bly glo het. Die skrywer noem altesaam VIER GELOOFSBEPROEWINGS waarin Abraham moes vasstaan [11:8,9,11-12; 17].

Die EERSTE GELOOFSBEPROEWING kom in vers 8.

Hier ontvang Abraham die opdrag om uit sy geboorteland [Ur] te trek, die onbekende in. Hierdie opdrag van God moes Abraham laat steier het. Al wat hy van God ontvang het, is die geloof en die belofte van 'n erfdeel [8]. Nogtans is hy gehoorsaam aan die Here. In vers 8 is dit Abraham se GELOOFSGEHOORSAAMHEID wat uitstaan.

Die TWEEDE GELOOFSBEPROEWING volg in vers 9.

Abraham het in Palestina aangekom. Maar die ingrypende is dat hy niks van die beloofde land beërwe het nie. Hy het seker met groot verwagting die Jordaan oorgesteek. En? Hy sou as vreemdeling in hierdie land rondtrek en sodoende 'n nomadiese bestaan voer. Die enigste stukkie grond wat Abraham en sy seuns uiteindelik as besitting sou kry, is 'n familiebegraafplaas [Gen.23]. die beloofde land Kanaän sou eers later aan Israel, sy nageslag, gegee word. Intussen het Abraham egter bly glo en hoop. Die stad met vaste fondamente [10] wat hy in die geloof gesien het, was nie die beloofde land Kanaän nie. Hier is daar sprake van die Nuwe Jerusalem, waarvan God self die ontwerper en bouer is [12:22; Op.21]. In hierdie gedeelte is dit Abraham se GELOOFSVOLHARDING wat uitstaan [vgl.9].

Abraham se DERDE GELOOFSBEPROEWING staan in vers 11-12.

Met die eerste oogopslag wil dit voorkom of hier van Sara se geloof gepraat word in vers 11. Maar die uitdrukking *krag tot bevrugting ontvang*, praat duidelik van 'n man. Dit gaan hier oor Abraham se geloof. Deur vers 11 wil die skrywer daarop klem lê dat Abraham die geboorte van 'n seun ernstig opgeneem het, ten spyte van sy hoë ouderdom en die onvrugbaarheid van Sara. Dit maak sy geloof so besonders. Hier is twee mense wat baie duidelik nie kinders kan hê nie. Hoe onmoontlik die saak was, beskryf Paulus in Romeine 4:19.

- Letterlik staan daar in die Grieks dat Abraham se liggaam *"klaar dood was omdat hy omtrent 100 jaar oud was"*. Sara se moederskoot was reeds "verstorwe" [dit het tot niet gegaan, sê die Grieks]. Maar Abraham het vas geglo dat God lewe kan gee ten spyte van soveel doodsheid.

Die gevolg van Abraham se blindelingse geloof in God se belofte, vind ons in vers 11. Hiervolgens gee God aan Abraham 'n nageslag so *"talryk soos die sterre van die hemelruim en so baie soos die sand van die see"*.

> En so het dit gebeur.
> Uit Abraham het daar baie voortgekom, naamlik die Hebreërs (Jode). Hulle was sy nakomelinge. Hulle het 'n groot en magtige nasie geword. 'n Mens kan wel uit hierdie vers aflei dat daar nie net na die vleeslike kinders van Abraham verwys word nie, maar ook na die geestelike.

In vers 11-12 is dit Abraham se BLINDELINGSE GELOOF wat uitstaan. Teen alle verwagtinge in het hy bly glo.

Nou beweeg ons na VERS 17-19.
Dit is Abraham se VIERDE GELOOFSBEPROEWING, naamlik die offer van sy seun Isak. Hierdie is die enigste keer wat pertinent gesê word dat Abraham op die *proef gestel is* [17]. Hier moet ons die volgende raaksien:

- Van God ontvang Abraham die belofte dat hy 'n groot nageslag sal hê. Maar wat gaan van hierdie belofte word indien Isak geoffer word?
- In hierdie verse word ook van Abraham se enigste seun gepraat. Wat van Ismael?

Die antwoorde lê in ons teksgedeelte.

- Wat het Abraham gedra deur die krisis van die offer? Hy was oortuig van God se mag om *uit die dood op te wek* [19]. Dit was besonders. Want wanneer Abraham praat, is dit asof Isak reeds geoffer is. Vir hom was Isak so goed as dood. Maar ten spyte van dit alles het hy gegaan om te offer – want God het so gesê.
- Die skrywer van Hebreërs lê klem op Isak alleen aangesien hy die volle klem op Isak as erfgenaam van Abraham wil laat val. Sara was immers Abraham se hoofvrou.

In VERS 20-22 word ISAK, JAKOB en JOSEF as geloofsgetuies ingeroep.
Nie een van hulle het die voorreg gehad om die vervulling van die Kanaän belofte te beleef nie. Maar ten spyte daarvan het hulle bly glo aan die toekoms wat God vir sy volk gereedmaak.
Die verwysing na Jakob se *sterfbed* [21] en Josef se optrede *kort voor sy dood* [22], wil beklemtoon dat hulle tot die einde toe aan die beloftes van God vasgehou het.
In vers 22 is die beloofde land vir die skrywer nie alleen Kanaän nie. Dit het ook vooruitgewys na die hemelse bedeling waar Christus vir sy kinders intree.

Nou kan ons TERUGKEER na VERS 13-16.
Hier praat die skrywer oor die geloof van die aartsvaders in die algemeen. Die wese van geloof en hoop word in hierdie gedeelte verder uitgebou.

> Die *hulle* waarvan vers 13 praat, is in die eerste plek Abraham en Sara, maar sluit ook Isak en Jakob in [vgl.9].

Uit die verte sien [13] is natuurlik 'n sien van die geloofsoog.
Wat het die aartsvaders gesien?
Natuurlik die beloofde land Kanaän wat hulle nageslag sou beërwe. Maar hulle geloof het verder gekyk as dit. Ook die hemelse vaderland was in hulle geloofsoog.
Om die aartsvaders se geloof te verduidelik, gebruik die skrywer
vier werkwoorde in vers 13, naamlik:

Hulle het: daarin GEGLO;
Dit uit die verte GESIEN;
Daaroor GEJUIG;
ERKEN dat hulle op aarde maar net bywoners en vreemdelinge is.

Die Griekse werkwoord vir GEJUIG bevat die gedagte *om met blydskap te groet*. Dit het die aartsvaders gedoen: met groot blydskap het hulle die hemelse stad [10] omarm.

Ons kry in hierdie gedeelte ook drie metafore naamlik: VREEMDELINGE
BYWONERS
PELGRIMS.

Ten opsigte van die land Kanaän was die aartsvaders vreemdelinge en bywoners [Gen.23:4; 47:9; Duet.26:5].

Ten opsigte van die beter, hemelse vaderland was hulle pelgrims.

Die werkwoord VERLANG [16] vertel van die aartsvaders se intieme heimwee na hul hemelse tuiste. Die woord heimwee beteken letterlik: *die pynverlange huis toe*! Hierdie heimwee mag nooit stil word in ons hart nie.

Vir sulke gelowiges skaam God Hom nie [16]. Hy wil graag as hulle God bekendstaan. En wat doen Hy vir ons as vreemdelinge? Hy het 'n toekomstige stad vir ons gereed gemaak – die Nuwe Jerusalem. Hy is reeds besig om 'n verwelkomingsfees vir ons voor te berei [Matt.25:21,23].

Waar kom die gedagte van 'n Nuwe Jerusalem vandaan? Reeds rondom die ballingskap, het die gedagte van 'n nuwe Jerusalem by die Jode ontstaan [Eseg.40-48; Jes.60:11]. Die Christene het hierdie gedagte oorgeneem en dit op die Hemelse Vaderland- die nuwe Aarde – van toepassing gemaak [Gal.4:26; Heb.12:22; Op.3:12; 21:2,10].

Wanneer betree ons die Nuwe Jerusalem? Onmiddellik na ons dood, of na die finale koms van Christus? Ons sal na ons dood reeds die hemelse saligheid van by-God-wees ervaar, maar die hoogtepunt kom eers eendag wanneer God alles nuut maak [Op.21:5].

B. <u>VRAE</u>.

1. Lees vers 8,9,11 en 17.
Wat leer hierdie verse ons oor Abraham?

2. Lees: Genesis 12:10-20; 15:3; 16:1-2; 17:18 asook 17:17; 18:12-15.
Het Abraham ooit getwyfel of kleingeloof geken?

3. Lees die betrokke skrifgedeeltes en verduidelik by elkeen watter geloofsbeproewing Abraham moes deurmaak.

VERS 8:

VERS 9:

VERS 11:

VERS 17:

4. Lees vers 8,9,11 en 19.
In hierdie verse word Abraham se geloof aan ons beskryf. Verduidelik sy geloof in u eie woorde.

VERS 8:

VERS 9:

VERS 11:

VERS 19:

5. Die aartsvaders se oë was gevestig op 'n aardse belofte [Kanaän] maar ook op 'n hemelse vaderland. Hierdie hemelse vaderland word dikwels beskryf as die Nuwe Jerusalem. Hoe moet ons die Nuwe Jerusalem verstaan en wanneer erf ons dit?

6. Is ons as gelowiges nog werklik vreemdelinge en bywoners in hierdie wêreld? Wat moet ons doen om dit te herstel indien nodig?
Lees veral vers 13.

C. ANTWOORDE.

1. In al die verse word oor Abraham se geloof gepraat.

2. Abraham was inderdaad 'n geloofsreus. Te midde van geloofsbeproewing het hy aan God vasgehou soos min ander. Maar twyfel en kleingeloof het hy goed geken. Soos in Genesis 12:10-20 waar hy oor sy vrou lieg. In 15:3, 16:1-2 en 17:18 dink hulle planne uit om die Here met sy belofte oor Isak by te staan. Daarna het Abraham en Sara gelag toe die Here die geboorte van Isak bevestig het [17:17; 18:12-15].

3.

VERS 8: Abraham se eerste geloofsbeproewing was om uit sy vaderland Ur te trek, en die vreemde in te gaan.

VERS 9: Abraham kom in Palestina aan, maar hy het niks beërwe nie. Hy sou as vreemdeling in hierdie land bly. Daar was nêrens meer vir hom 'n vaste of blywende staanplek oor nie. Hy het 'n nomadiese bestaan in tente gevoer. Die enigste grond wat hy en sy seuns uiteindelik as besitting sou kry, is 'n familiebegraafplaas [Gen.23].

VERS 11: Abraham was te oud en Sara onvrugbaar vir 'n kind. Die belofte van 'n seun is inderdaad 'n beproewing vir Abraham se geloof. Hoe onvrugbaar hy en Sara werklik was, lees ons by Paulus in Romeine 14:19. Letterlik staan daar in die Grieks dat Abraham se liggaam *klaar dood was* en Sara se moederskoot reeds vernietig is [Grieks].

VERS 17: Hier gaan dit oor Isak se offer. Hierdie is die enigste keer wat pertinent gesê word dat Abraham op *die proef gestel is* [17]. Dit moes baie erg gewees het. Eers ontvang hy die belofte van 'n seun. Daarna kom die opdrag: gaan offer hom.

4.

VERS 8: Volgens vers 8 het Abraham *gehoor gegee* toe God hom geroep het. Die kenmerk van sy geloof was gehoorsaamheid.

VERS 9: Geloofsvolharding! Hy het bly glo al moes hulle die heeltyd trek en al het hulle geen eiendom besit nie.

VERS 11: Geloofsvertroue! Ongeag sy situasie het hy God getrou geag [11].

VERS 19: 'n Blindelingse geloof in God ongeag die eis en situasie. Hy moet sy seun gaan offer. Hy doen dit ook want God het so gesê.

5.Die aartsvaders se oë was gevestig op 'n aardse belofte [Kanaän] maar ook op 'n hemelse vaderland. Hierdie hemelse vaderland word dikwels as die Nuwe Jerusalem beskryf. Hoe moet ons dit verstaan en wanneer erf ons die Nuwe Jerusalem?

Reeds rondom die ballingskap, het die gedagte van 'n nuwe Jerusalem by die Jode ontstaan [Eseg.40-48; Jes.60:11]. Die Christene het hierdie gedagte oorgeneem en dit op die Hemelse Vaderland- die nuwe Aarde – van toepassing gemaak [Gal.4:26; Heb.12:22; Op.3:12; 21:2,10]. Wanneer betree ons die Nuwe Jerusalem? Onmiddellik na ons dood, of na die finale koms van Christus? Ons sal na ons dood reeds die hemelse saligheid van by-God-wees ervaar, maar die hoogtepunt kom eers eendag wanneer God alles nuut maak [Op.21:5].

7. Op die eerste deel van die vraag: eie antwoord. Wat moet ons doen om vreemdelinge en bywoners te wees? Presies wat die aartsvaders in vers 13 gedoen het:

- Hulle het **geglo**;
- Hulle het deur die geloof reeds die verte [Nuwe Jerusalem] **gesien**;
- Hulle het daaroor **gejuig** [daarna verlang];
- Hulle het **erken** dat hulle maar net bywoners en vreemdelinge is.

Hierdie vier werkwoorde moet deel van ons geloofslewe wees.

****